

Sondag 25 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 2:5-9 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Maleagi 2:6-7

Lewe en vrede

In hierdie verse herinner Maleagi die priesters aan die roeping wat hulle ontvang het en hoe hulle dienswerk veronderstel is om te wees. Dit doen hy deur te verwys na die verbond met Levi – lewe en vrede. As priesters getrou hulle dienswerk verrig, sal hulle wat bedien word, ware lewe en vrede hê deur geloof.

Hierdie lewe en vrede lei dan ook tot die vrees van die Here. Hierdie vrees is 'n eerbied en ontsag vir God en is die gelowige se dryfveer om te wil volhard en verdiep in sy of haar geloof. Daarom is die betroubare regsleer of die leer van waarheid van uiterste belang. Dit is die leer wat gelowiges ontvang deur onderrig uit die Skrif en ook deur die voorbeeld van ander gelowiges.

Daarom weet ons dat die lippe – en daade – van die verkondiger van God se Woord juis die lewe en vrede moet bewaar, want dit is die boodskap van God. Ons woorde en daade mag nooit mekaar weerspreek nie, ons daade getuig immers van die evangelie wat in ons harte is.

Ons as gelowiges dien ook as priesters in ons daaglikse lewe – ons het die taak om tot die Here te bid, sy Woord te verkondig en as lewende getuies te dien. Daarom het elke gelowige die taak om die lewe en vrede te bewaar. Ons moet hou by dit wat ons geleer het en die evangelie van Christus verkondig terwyl ons in die vrees van die Here bly leef en Hom dien.

Sing: Psalm 100-1:1-4

Teologiese Student P Hattingh (Philip)